

Scenario 1	Verduideliking	Stappe deur die werkgewer	Stappe deur die werknemer	Vergoeding
<p>Die werknemer toon / rapporteer simptome tydens screening.</p>	<p>Die werknemer rapporteer een van die volgende Covid-19 verwante simptome:</p> <ul style="list-style-type: none"> • **Koors (>37.5 'C) • Seer keel • **Verlies aan reuk en proe • Hoes • Rooi oë • **Uitasem / uitermatige uitputting • Seer lyf • Naarheid, braking, diaree <p><i>** Sterk aanduiding van moontlike Covid-19 infeksie</i></p> <p><i>(Klousule 27: Consolidated Covid-19 Direction on Health and Safety in the Workplace)</i></p>	<p>Isoleer die werknemer onmiddellik.</p> <p>Voorsien die werknemer van 'n mediese masker.</p> <p>Reël vir veilige vervoer van die werksplek om te self-isoleer of om verwys te word vir 'n mediese ondersoek / toetsing.</p> <p>Identifiseer persone met wie die werknemer by die werksplek in kontak was en <i>screen</i> hulle of verwys hulle om <i>gescreen</i> te word.</p> <p>Saniteer / disinfekteer die totale werksplek.</p> <p>Rapporteer aan die Covid-hulplyn: 0800 02 9999</p>	<p>Bly in 'n geïsoleerde plek totdat vervoer gereël kan word.</p> <p>Disinfekteer hande onmiddellik.</p> <p>MOENIE met ander persone meng nie.</p> <p>Dra 'n masker.</p> <p>Rapporteer vir toetse soos beveel.</p> <p>Bly in self-isolasie vir 14 dae tensy die toetsuitslae negatief is.</p> <p>As die werknemer negatief toets, kan hy/sy terugkeer werk toe.</p>	<p>Siekverlof soos per SD13 of die dienskontrak.</p> <p>Indien verlof uitgeput is, doen aansoek vir siektevoordele TERS UIF.</p>

		Assesseer die vlak van blootstelling in die werksplek en neem die gepaste stappe om oordrag te voorkom.		
Scenario 2	Verduideliking	Stappe deur die werkgever	Stappe deur die werknemer	Vergoeding
Die werknemer toets positief vir Covid-19	Die werknemer se toetsuitslae is positief (<i>Klousule 28: Consolidated Covid-19 Direction on Health and Safety in the Workplace</i>)	<p>Rapporteer dit aan die Departemente van Arbeid en Gesondheid (<i>teken die datum en tyd van die oproep aan</i>). 0800 02 9999</p> <p>Ondersoek die vlak van blootstelling en risiko vir ander werknemers. Indien nodig, sluit die afdeling en saniteer dit.</p> <p>As daar bewyse is dat die werknemer Covid in die werksplek opgedoen het, sit 'n COIDA eis in.</p> <p>Werknemer mag slegs terugkeer werk toe as hy/sy negatief toets, of die verpligte 10-dae</p>	<p>Waar die werknemer op die perseël woon, moet hy/sy hulself tot hul huis / 'n vertrek beperk en nie op die perseël rondbeweeg nie.</p> <p>Hulle sal slegs toegelaat word om terug te keer werk toe wanneer hulle negatief getoets is.</p> <p>Wanneer hulle terugkeer werk toe, moet hulle gereeld gemonitor word.</p> <p>Maak seker hande word gesaniteer en maskers ten alle tye gedra.</p>	<p>Siekverlof soos per SD13 of dienskontrak. Indien siekverlof uitgeput is, doen aansoek vir siektevoordele TERS UIF</p> <p>As daar bewyse is dat die werknemer Covid in die werksplek opgedoen het, betaling in terme van COIDA.</p>

		<p>self-isolasie voltooi het. Die werknemer moet 'n mediese ondersoek ondergaan om te bevestig dat hy/sy vir werk geskik is.</p> <p>Wanneer hy/sy terugkeer werk toe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verseker dat hande gesaniteer word en maskers gedra word. • Moniteer werknemer/s gereeld vir Covid simptome. • Moet vir 21 dae 'n mediese masker dra. 		
Scenario 3	Verduideliking	Stappe deur die werkgewer	Stappe deur die werknemer	Vergoeding
Die werknemer is in self-isolasie as gevolg van kontak met 'n persoon wat positief is.	'n Werknemer wat die afgelope 14 dae in kontak was met 'n persoon wat positief getoets het en wat vir 14 dae moet self-isoleer, of korter totdat die toetsuitslae negatief is.	Stel vas of die blootstelling 'n hoë of lae risiko van oordrag tussen werkers inhou.	Waar die werknemer op die perseël woon, moet hy/sy hul tot hul huis / 'n vertrek beperk en nie op die	Siekverlof soos per SD13 of dienskontrak. Indien uitgeput, doen aansoek vir

		<p>As daar 'n lae risiko is: werkers kan aanhou werk met 'n lapmasker. Monitor simptome vir 14 dae.</p> <p>Hou kontak met die werknemer om na te gaan of hulle simptome kan begin toon. As die werknemer simptome toon, moet die werknemer self-isoleer. Rapporteer aan Covid Hotline - 0800 02 9999.</p> <p>As daar 'n hoë risiko is: werknemer moet 14 dae in self-isolasie / kwarantyn bly.</p> <p>Volg scenario 1.</p>	<p>perseël rondbeweeg nie.</p> <p>As hy/sy op 'n ander plek bly, moet hy/sy by sy plek van woning bly.</p>	<p>siektevoordele TERS UIF.</p>
Scenario 4	Verduideliking	Stappe deur die werkgever	Stappe deur die werknemer	Vergoeding
Wanneer die onderneming gesluit word as gevolg van 'n positiewe geval in die werksplek.	As die onderneming opdrag gegee word om te sluit, moet hy dit doen vir die tydperk soos beveel en totdat die werksplek of spesifieke departement in ooreenstemming met alle vereistes gesaniteer is.	<p>Lig werknemers in.</p> <p>Stel vas hoe lank die sluiting gaan voortduur. Reël dat die werksplek gesaniteer word</p>	<p>Alle werknemers sal opdrag gegee word om te self-isoleer.</p> <p>Waar die werknemer op die perseël woon,</p>	Onbetaald of doen aansoek vir TERS.

			<p>moet hy/sy hulself tot hul huis / 'n vertrek beperk en nie op die perseël rondbeweeg nie.</p> <p>As hy/sy op 'n ander plek bly, moet hy/sy by sy plek van woning bly.</p>	
Scenario 5	Verduideliking	Stappe deur die werkgever	Stappe deur die werknemer	Vergoeding
<p>Wanneer die werknemer as 'n hoërisiko-individu beskou word.</p>	<p>Individue wat as 'n hoërisiko vir erge siekte / dood vanweë Covid-19 geïdentifiseer is. Hierdie onderliggende toestande kan insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Asma; • Kroniese longtoestande; • Diabetes; • Ernstige harttoestand; • Kroniese niertoestand wat met dialise behandel word; • Erge obesiteit; • Persone 65 jaar en ouer; • Tuberkulose; • Verswakte immuniteit (tuberkulose, HIV/Vigs) • Lewersiekte. 	<p>Ondersoek die moontlikheid dat werknemers van die huis af kan werk. Indien nie:</p> <p>Pas spesiale maatreëls toe om die risiko van Covid-19 te beperk.</p> <p>Die werknemer kan die keuse gegee word om te self-isoleer.</p>	<p>As die werknemer besluit om te self-isoleer:</p> <p>Waar die werknemer op die perseël woon, moet hy/sy hulself tot hul huis / 'n vertrek beperk en nie op die perseël rondbeweeg nie.</p> <p>As hy/sy op 'n ander plek bly, moet hy/sy by sy plek van woning bly.</p>	<p>Onbetaald, doen aansoek vir TERS.</p>
Scenario 6	Verduideliking	Stappe deur die werkgever	Stappe deur die werknemer	Vergoeding

<p>Die werknemer weier om terug te keer werk toe omdat hy glo dit is onveilig.</p>	<p>Die werknemer weier om enige werk te verrig indien omstandighede ontstaan wat met redelike regverdiging vir die werknemer lyk of dit 'n onmiddellike en ernstige risiko inhou. <i>(klousule 48-56 of Consolidated Covid -19 Direction on Health and Safety in the Workplace)</i></p>	<p>Die werkgewer moet met die Covid nakomingsbeampte of Gesondheids- en veiligheidskomitee konsulteer.</p> <p>Die werknemer mag nie ontslaan, gedissiplinêr, bevooroordeeld behandel of geteister word vir weiering om enige werk te doen wat soos per klousule 48 onveilig is nie.</p>	<p>Die werknemer moet ASAP die werkgewer van sy weiering en redes inlig.</p>	<p>Onbetaald.</p>
---	---	---	--	-------------------